## Jesus en die Fariseërs

Die stryd tussen die Fariseërs en die Skrifgeleerdes, aan die een kant, en Jesus aan die anderkant speel 'n baie groot rol in die Nuwe Testament.  Dit gaan oor die hart van die Evangelie!

Vir die Fariseërs was die onderhouding van die Wet die belangrikste ding in die lewe.  Maar dit het vir hulle so belangrik geword dat hulle begin miskyk het waaroor dit werklik gaan: Liefde!  Die wêreld het 'n lelike plek geword waar elke mens net aan homself gedink het. Jesus het kom wys wat die eintlike bedoeling met die Wet was en het met sy eie lewe vir ons gewys hoe ons eintlik moet lewe.  Dit gaan daaroor om meer vir ander te doen as vir jouself. Diensbaar te wees.

Jesus was daarteen dat mens vreeslik mooi en reg lyk en die wette nakom, maar in jou hart dit nog steeds net oor jouself gaan en dat jy ander mense seermaak en verkleineer en veroordeel sodat jy beter kan voel/lyk.  In al die strydgesprekke met die Fariseërs kom gooi die Here hulle wêreld onderstebo en kom vertel en wys vir hulle dat dit gaan oor liefde en nie oor hoe mooi of oulik jy die wette nakom nie.

Vandag nog sukkel ons om dit te verstaan.  Ons wil so graag iets doen om die Here te beïndruk of om goed genoeg te wees sodat Hy ons kan red.  Maar ons sal dit nooit kan wees nie!  Die enigste manier is om Jesus te glo, Hy was ons skoon van ons sonde!  Om jouself te probeer red deur dade is soos om jouself te probeer optel aan jou eie skoenveters!

Die moeilike deel hiervan is dat ons, soos die Fariseërs, nie verstaan dat ek die Here moet eer met my HELE LEWE, en nie net een dag in die week of net partykeer, of net daar waar ander mense my kan sien nie.  Omdat Hy my vry gemaak het, moet ek uit dankbaarheid vir Hom lewe en daarom moet ek sy Wet nakom: Ek moet liefde leef!  Liefde vir God en vir al die mense rondom my.  Daarom moet ek alles wat ek doen tot eer van God doen, dinge doen wat Hom laat glimlag! Ek moet dinge doen wat die mense om my se lewens makliker en beter maak.